

**AUTHORS:**

Dr HP Malan van Rhyn

 <https://orcid.org/0000-0002-2696-1702>

Dosent

Aros – Akademie Reformatoriese

Opleiding en Studies

Departement: Bybelkunde, Filosofie en

Lewensvaardighede

Pretoria

Suid Afrika

malan.vanrhyn@aros.ac.za

DATES:

Published: 29 Augustus 2025

HOW TO CITE THIS ARTICLE:

van Rhyn, H.P.M., 2025. Adrio König oor die doel van die openbaring van die wederkoms. KOERS — Bulletin for Christian Scholarship, 90(1).

Available at: <https://doi.org/10.19108/KOERS.90.1.2631>

COPYRIGHT:

© 2025. The Author(s).

Published under the Creative

Commons Attribution License.

Adrio König oor die doel van die openbaring van die wederkoms

Opsomming

Hierdie artikel ondersoek of die vraag na die *telos* (doel) van die openbaring van Christus se wederkoms in die Nuwe Testament as 'n dogmatiese kwessie beskou moet word. Vorige navorsing deur Van Rhyn (2017) het die *telos* vanuit 'n eksegeties-openbaringshistoriese perspektief behandel. Hierdie studie fokus egter op die teologie van Adrio König, veral soos in *The eclipse of Christ in eschatology* (1989) uiteengesit, om vas te stel of sy teologiese raamwerk 'n dogmatiese uitleg van die vraag ondersteun. König se Christosentriese eskatologie, wat hy as 'n "teleologiese Christologie" beskryf, beeld Christus uit as die *eschatos* en *telos* van die geskiedenis. Sy verwoording van die drie wyses van Christus se koms (vir ons, in ons, met ons) integreer die wederkoms met God se verbondsmatige verlossingsdoelwitte.

Die artikel kom tot die gevolgtrekking dat König se teologie, wat hy self as teleologies of doelgedrewe tipeer, duidelik impliseer dat God se *telos* met die openbaring van die wederkoms sake soos vermaning, vertroosting, hoop, waarskuwing en verbondsvervulling op die oog het. Hierdie *teloi* funksioneer sowel kerugmaties as pastoraal ten opsigte van gelowiges en ongelowiges. Die studie bevestig dat die openbaring van Christus se wederkoms nie bloot informatief is nie: Dit is diep teologies van aard, en daarom vorm dit 'n geldige onderwerp van dogmatiese besinning.

Kernbegrippe: eindtyd; eskatologie; *telos*; wederkoms

Abstract

This article explores whether the question regarding the *telos* (goal) of the revelation of Christ's second coming in the New Testament should be regarded as a dogmatic issue. Previous research by Van Rhyn (2017) addressed the *telos* from an exegetical-revelatory historical perspective. This study, however, engages the theology of Adrio König, especially as presented in *The eclipse of Christ in eschatology* (1989), to determine whether his theological framework supports a dogmatic interpretation of the question. König's Christocentric eschatology, described as "teleological Christology", frames Christ as the *eschatos* and *telos* of history. His articulation of the three modes of Christ's coming (for us, in us, with us) integrates the second coming into God's covenantal and redemptive purpose.

The article concludes that König's theology, which he himself denotes as teleological or purpose-driven, clearly implies that the revelation of the second coming serves divine purposes such as exhortation, comfort, hope, warning and covenantal fulfilment. These purposes function both kerugmatically and pastorally for believers and unbelievers. The study affirms that the revelation of Christ's return is not merely informational but profoundly theological, and thus a valid subject of dogmatic reflection.

Keywords: end-time; eschatology; second coming; *telos*

1. Inleiding

In 'n tyd waarin eskatologiese onsekerheid dikwels aanleiding gee tot spekulatiewe teorieë en populêre eindtyddenke verdien die vraag na die doel van die openbaring van Christus se wederkoms hernude aandag. Waarom het God dit goedgevind om die wederkoms in die Skrif aan ons te openbaar? Gaan dit bloot oor toekomstige kennis, of lê daar dieper, teologiese bedoelings in die feit van hierdie openbaring opgesluit?

Hierdie artikel bou voort op vorige eksegeties-openbaringshistoriese navorsing (Van Rhyn, 2017) oor die *telos* van die wederkomsopenbaring in die Nuwe Testament, maar rig nou spesifiek die fokus op 'n vraag wat tot dusver onvoldoende eksplisiete aandag ontvang het: Kan en moet die vraag na die *telos* van die wederkomsopenbaring as 'n dogmatiese vraagstuk beskou word? Die Griekse begrip "*τέλος*" word verklaar as "the goal toward which a movement is being directed" en word vertaal met "end, goal, outcome" (Bauer, Danker, Arndt & Gingrich, 2000:998). *Telos* word dus in hierdie artikel gebruik in die sin van God se doel of einddoel: dit wat God met die openbaring van die wederkoms in die Nuwe Testament wil bereik.

Ter beantwoording van hierdie vraag word die werk van die Suid-Afrikaanse dogmatikus Adrio König ondersoek, spesifiek sy bydrae tot die eskatologie soos in *The eclipse of Christ in eschatology: Toward a Christ-centered approach* (1989) verwoord.

König se benadering plaas Christus se persoon en werk sentraal in die verstaan van die eindtyd. Die vraag is dus of König se dogmatiese besinning implisiet of eksplisiet lig werp op die Goddelike doel van die openbaring van die wederkoms en daarom as 'n dogmatiese vraagstuk beskou kan word. Die navorsingsvraag is dus: Is die vraag na die *telos* van die openbaring of bekendmaking van die wederkoms 'n dogmatiese vraagstuk volgens König?

Adrio König is een van die erkende dogmatici uit Afrika en Suid-Afrika. "Hy het homself die afgelope dekades as 'n invloedryke teoloog gevestig. Sy werke word wyd gelees en deur vele aangeprys. Sy kritiese benadering en uitdagende styl dwing sy lesers om hulleself oor sy teologie te verantwoord." (Strauss, 2004:123, 124) Saam met JA Heyns is hy sekerlik een van die mees prominente moderne teoloë uit Afrika. Tog word sy standpunte soms deeglik gekritiseer (vgl. bv. Diedericks, 2012; Strauss, 2004; Van Wyk, 2002).

König is waarskynlik ook die Suid-Afrikaanse dogmatikus wat die uitvoerigste oor die lokus van die eskatologie geskryf het. In 1980 het sy *Jesus die Laaste: Gelowig nagedink: Deel 2* verskyn. In sy *Die groot geloofswoordeboek* (2006) en in sy *Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste vra: 'n Verwysingsgids vir elke huis* (2001) fokus hy op heelwat eskatologiese kwessies. Voorts is hy ook bekend vir *'n Perspektief op Openbaring* (2009). Dit is maar enkele van sy werke oor die eskatologie.

Dit sal dus raadsaam wees om na te vors of König hom al dogmaties met die betrokke vraagstuk oor die doel van die openbaring van die wederkoms in die Nuwe Testament besig gehou het en wat sy mening hieroor is.

2. Die hoofbron van studie en werkswyse

König se proefskrif *Jesus Christus die Eschatos: Die fundering en struktuur van die eskatologie as teleologiese Christologie* is in 1970 gepubliseer. Die bevindings van die studie het sy siening van die eskatologie deurgaans beïnvloed. In 1989, 'n ruim 19 jaar nadat sy proefskrif gepubliseer is, het hy dit verwerk en aangepas, waarna dit in Engels onder die volgende titel uitgegee is: *The eclipse of Christ in eschatology: Toward a Christ-centered approach*. Uiteraard was daar groei en ontwikkeling in König se standpunte oor die eskatologie, soos dit te wagte by enige produktiewe teoloog kan wees. Daarom word daar vir die doeleindes van die studie gefokus op 'n werk wat heelwat later as sy proefskrif verskyn het. Aangesien die

Engelse weergawe aangepas is en meer reserant as sy proefskrif en as *Jesus die Laaste: Gelowig nagedink: Deel 2* is, word *The eclipse of Christ in eschatology. Toward a Christ-centered approach* as hoofbron van die studie gebruik.

Die volgende werkswyse word gevolg: Daar word 'n omvattende maar selektiewe oorsig gegee oor die hoofbron, met toespitsing op die navorsingsvraag.

Uiteindelik word daar 'n konklusie verskaf of König wel die vraag oor die *telos* van die openbaring van die wederkoms beantwoord en, indien wel, wat sy bydrae tot die verstaan van God se doel met die openbaring van die wederkoms is.

3. 'n Selektiewe oorsig oor *The eclipse of Christ in eschatology: Toward a Christ-centered approach*

Ná die voorwoord in die boek volg daar vyf hoofstukke en 'n afsluiting: Die inhoud van die hoofbron kan soos volg weergegee word:

Hoofstuk 1: "Christ and the end"

Hoofstuk 2: "Christ and eschatology"

Hoofstuk 3: "Christ realizes the goal for us"

Hoofstuk 4: "Christ realizes the goal in us"

Hoofstuk 5: "Christ realizes the goal with us"

Afsluiting: "Instead of an introduction"

In die voorwoord van die boek stel König (1989:viii) dit duidelik wat die doel van die werk is: "Quite simply, we present the meaning of Jesus Christ for the doctrine of the 'last things.'" Volgens König (1989:viii) is die feit dat Jesus sentraal staan in alle aspekte van die evangelie vanselfsprekend. Tog beweer König (1989:viii) dat daar nie baie aandag gegee word aan Jesus in boeke wat oor die eskatologie handel nie of dat dit ontbreek: "The point of departure in this book is that Jesus Christ is as important to eschatology as he is to every other part of the gospel. And the message of this book is that Jesus Christ himself is the last and the end, as he says of himself in Rev. 22:13, 'I am the Alpha and the Omega, the first and the last, the beginning and the end.' This is of decisive importance for eschatology."

Dat hierdie werk by König se verbondsmatige uitgangspunt in ander werke aansluit, is duidelik uit die volgende stelling (König, 1989:viii): "The fact that Christ himself is the last and the end means that God's creation goal is both revealed in him and attained by him. He fulfils the covenant—the complete harmony between God and humanity—by representing both God and humanity in his own person. Because he is the last, his entire history is the doctrine of the last things, or 'eschatology.'" König brei daarop uit deur te sê dat Christus in elke fase van sy geskiedenis die verbond vervul. Hy beskou die verbond as God se skeppingsdoelwit.

3.1 Christus en die einde

Nadat König (1989:5-6) in hoofstuk 1 ("Christ and the end") 'n oorsig van eskatologiese woordgebruik in die Nuwe Testament gegee het, kom hy tot die volgende gevolgtrekkings:

Eerstens: Die frase "die laaste dae" word nooit in die Nuwe Testament gebruik vir 'n toekomstige periode nie, maar deurgaans vir die periode waarin die skrywer (wat die frase gebruik) self lewe.

Tweedens: Jesus Christus se hele geskiedenis word in radikale eskatologiese terme beskryf. "This means that eschatology includes the entire history of Jesus Christ. Thus, it is incorrect to confine one's attention to the second advent or 'last things' when dealing with eschatology. If eschatology deals with the end, the last days,

or the consummation, it must also involve the past (Jesus' earthly work) and the present (his work in the Holy Spirit)."

Derdens: Dit is geen verrassing nie dat die Nuwe Testament Jesus self as die Laaste, die Einde en die Omega beskryf.

König (1989:11) gee voorts spesifiek aandag aan die frase "die dag van die Here". Hy toon eers aan dat hierdie frase sy oorsprong in die Ou Testament het. Hierna wys hy daarop dat die skrywers van die Nuwe Testament deurgaans van mening is dat "die dag van die Here" vervul is (of sal word) met Jesus se eerste koms na die aarde, sowel as met die werk van die Heilige Gees, asook met die oordeelsdag.

Ten spyte van hierdie vervullings het die dag van die Here steeds die karakter van 'n toekomstige belofte behou, en daarom verwys die Nuwe Testamentiese skrywers steeds na die oordeelsdag as die "laaste dag" (sien bv. 2 Petrus 3:12; Openbaring 16:14). *Met ander woorde, selfs ná sekere vervullings het die verwagting van die finale oordeel voortbestaan.* Die kernpunt is dat, ongeag watter fase van Christus se geskiedenis ons oorweeg, dit in Hom is waar al hierdie beloftes tot vervulling kom. *Daar bestaan 'n merkwaardige verband tussen die dag van die Here in die Ou Testament en die koms en koninkryk van Christus in die Nuwe Testament (König, 1989:13).*

Die gevolgtrekking versterk volgens König die idee dat die eskatologie nie tot die toekomsverwachting of die laaste dekade of wat voor Jesus se wederkoms beperk kan word nie. Die eskatologie sluit Christus se werk in die verlede, sy aardse lewe, sy kruisiging, sy opstanding, sowel as sy huidige werk deur die Heilige Gees in. Hierdie standpunt lei tot die radikale stelling: "Jesus' entire history is 'the end'." (König, 1989:23)

3.2 Christus en eskatologie

In hoofstuk 2 ("Christ and eschatology"), wanneer König uiteindelik "eskatologie" definieer, stel hy die volgende twee kardinale uitgangspunte:

"The first is that the entire history of Christ is discussed in radical eschatological terms." (König, 1989:36) Met ander woorde, eskatologiese begrippe word nie beperk tot net een deel van Christus se lewe nie, maar word op sy hele bestaan toegepas. Daarom is daar geen rede om eskatologie slegs tot die toekoms of tot een fase van die heilsgeskiedenis te beperk nie, iets waartoe baie outeurs wel geneig is. Die algemene neiging is om eskatologie tot toekomstige gebeure te beperk, veral tot die sogenaamde "laaste dinge", wat dikwels min direkte verband met Jesus self en sy betekenis hou.

"The second consideration is that Jesus himself is called the last and the end. Since his entire history is described in the same eschatological terms, he himself must be the eschatos (the last). The reverse is also true: since he himself is the eschatos and *telos* (end or goal), his whole history must be eschatology." (König, 1989:37)

Hierdie uitgangspunte lei König (1989:37) om te konkludeer dat die term "Christologie" gebruik moet word wanneer ons die eskatologie wil beskryf: "This means that we must use the term christology when we describe eschatology." Hierdie standpunt lei König (1989:38) om "eskatologie" as "teleological christology" of "goal-directed christology" te definieer. In die woord "teleological" is die Griekse woord "*telos*" ingebed, en König vertaal dit met "goal-directed". Dit is dus van groot belang vir die artikel dat eskatologie volgens König doelgedrewe openbaring is. Op grond hiervan kan gesê word dat die openbaring van die wederkoms ook teleologies of doelgedrewe sal wees.

Tog kwalifiseer König (1989:40) die stelling met: "Incidentally we should note that here, indeed, is some sort of limitation. Eschatology is not simply christology; it is teleological

christology. This means that not all aspects of christology will be discussed, but only those which are concerned with Jesus as the *telos* and the *eschatos*."

Hierdie standpunt laat die vraag ontstaan of König nie oorsensitief is vir die gebruik van die woord "eskatologie" vir die leer oor "die laaste dinge" nie. Hierdie indeling kan tog ook net 'n sistematisering wees om hierdie Christologie, wat König teleologiese Christologie noem, van die res van die Christologie te onderskei. Dit is nie noodwendig 'n hantering van die leer van die laaste dinge asof dit losstaande van Jesus Christus is nie. Geen afdeling van die teologie kan immers losstaande van Jesus Christus hanteer word nie.

Die konsekwensie van König se standpunt hieroor is noodwendig dat alle teologie Christologie is. Dit is natuurlik korrek, maar ter wille van sistematisering word ander terme ook gebruik, weereens nie noodwendig om enige afdeling van die teologie van Jesus Christus los te maak nie. Waardering kan egter uitgespreek word vir König se beklemtoning van die standpunt dat die eskatologie nooit los van Jesus Christus gesien kan word nie.

Vir König is dit belangrik dat ingesien word dat Christus die doel van die skepping is. Volgens hom bereik die skepping telkens sy doel wanneer Christus kom. Hy stel dit dat die eskatologie sy fundering vind in die feit dat Christus gekom het, dat Hy nou met ons deur sy Gees is en dat Hy nogtans weer moet kom. Om 'n begrip van die doelgerigte, eskatologiese aspekte van Christus se werk te ontwikkel, stel König voor dat ons dit volgens sy drie komste verdeel: *sy menswording en aardse bediening, sy koms in die Heilige Gees en sy wederkoms*. "Hoewel Hy self die doel van God se skepping is, vervul Hy hierdie doel op 'n unieke wyse in elkeen van sy komste." (König, 1989:44)

3.3 Die drie komste van Christus

König maak die volgende onderskeid tussen die drie komste: Jesus vir ons (Jesus se eerste koms, kruis en opstanding), Jesus in ons (deur die werk van die Heilige Gees) en Jesus met ons (Jesus se wederkoms). Hierdie onderskeid vorm dan ook die basis van die hoofstukindeling van sy boek.

Op hierdie punt brei König uit op sy verbondsmatige siening. Dit is juis hierdie verbondsmatige siening wat vir die doeleindes van hierdie artikel belangrik kan wees, aangesien dit wil bepaal of die vraag na die doel van God se openbaring van die wederkoms 'n dogmatiese vraag is.

König (1989:45) stel die volgende standpunte:

Eerstens: Dit is juis met sy eerste koms – wat Jesus se aardse bediening, sy kruisiging en sy opstanding insluit – dat Jesus God se doel met ons bereik deur God se getroue verbondsgenoot in ons plek as ons verteenwoordiger te wees. Ons Here Jesus versoen ons met God sonder ons toedoen, selfs teen ons wil, want Hy doen dit terwyl ons nog vyande van God is. Ons is dus nie aktief betrokke by hierdie eerste wyse ("mode") van eskatologie nie.

Tweedens: Dit is veral deur sy teenwoordigheid en werk deur die Heilige Gees dat Jesus God se doel in ons bereik. Daardeur maak Hy (Jesus deur die Gees) ons God se getroue verbondsgenote. Hierdie tweede wyse van eskatologie geskied egter nou nie meer sonder ons nie, want nou word ons self God se verbondsgenote. Hoewel die skepping met die oog op Jesus geskape is, is dit nie net met die oog op Jesus geskape nie, maar ook met die oog op ons.

Derdens: Jesus sal God se doel met ons bereik met sy wederkoms. Om sy verbondsdoel te verwesenlik, het God nie net die mens nie, maar ook die hele skepping gemaak. Juis hierom het eskatologie ook 'n kosmiese dimensie. *Christus vervul met ander woorde God se doel nie net vir ons as mense nie, maar ook vir die hele skeppingsorde. Dit doen hy vir, in, en saam met ons én die wêreld*. God werk die doel

van die skepping uit – dat ons in gemeenskap met Hom op die aarde moet leef – en Hy doen dit ten spyte van ons sonde en verbondsverbreking *deur ons in staat te stel om as nuwe mense op die nuwe aarde in gemeenskap met Hom te leef* (König, 1989:46).

Van belang vir hierdie artikel is König se standpunt dat Jesus met sy wederkoms God se skeppingsdoelwit en sy verbondsdoelwit sal vervul en bereik. Die wederkoms is dus inderdaad doelgedrewe, en die *telos* van die wederkoms word dus dogmaties deur König hanteer.

König (1989:47) skryf vervolgens: “It is clear that there is an intimate bond between eschatology and Christ himself. He is the goal toward which everything moves, and the New Testament describes the whole of his history in ‘end’ terms. He himself is called the last and the end. Therefore, he is the obvious foundation for the entire doctrine of the end.”

Om hierdie stelling te staaf, ondersoek König voorts die verhouding waarin Jesus Christus ten opsigte van die Vader, die skepping en die verbond staan.

3.4 Christus en die verbond

Dit is dan veral laasgenoemde verhouding, die verhouding waarin Jesus ten opsigte van die verbond staan, wat van belang vir hierdie artikel skyn te wees. In die bespreking van hierdie verhouding vermy König die debat oor watter verbond ter sprake is deur te stel dat hy die term nie in ’n historiese sin gebruik nie, maar in ’n teologiese sin.

Teologies definieer König die *verbond* as ’n genadige liefdesverhouding tussen God en die mens, *’n verhouding wat begin by God se inisiatief om die wêreld te skep as die plek waar hierdie verhouding gerealiseer kan word en waarin Hy die mens skep om daarin te leef*. God verbind ons aan Homself en gee ons die reg én die verantwoordelikheid om in sy liefde te leef, Hom te dien en uit dankbaarheid te verheerlik. Sonde gee egter aan hierdie verbond ’n nuwe dimensie, *die van verlossing*. Die mens, as God se geskape verbondsgenoot, het sondig geword en word nou deur God se verlossingswerk gered. Al hierdie fasette bly egter deel van die *verbond van genade* waarvoor God die mens oorspronklik geskep het (König, 1989:55).

Met die eerste twee hoofstukke stel König sy uitgangspunte baie duidelik. Hierdie uitgangspunte pas hy dan in hoofstuk 3-5 toe op sy driedeling:

- Jesus vir ons (Jesus se eerste koms, kruis en opstanding)
- Jesus in ons (deur die werk van die Heilige Gees)
- Jesus met ons (Jesus se wederkoms)

In al drie hierdie hoofstukke (3-5) toon König aan dat Jesus se hele geskiedenis eskatologies is, dit wil sê dat Jesus sy doel met sy lewe op aarde, deur sy Gees en met sy wederkoms bereik het. Eskatologie is baie duidelik vir König nie net die leer van die laaste dinge nie. Dit is eerder vir hom gerealiseerde Christologie of teleologiese Christologie, soos hy dit tipeer, wat alreeds ’n antwoord op die navorsingsvraag van die artikel bied.

3.5 Christus realiseer sy doel met ons

Aangesien hierdie artikel oor die doel van die openbaring van die wederkoms handel, is dit veral hoofstuk 5, “Christ realizes the goal with us”, wat vir die artikel van belang is. Dit word gesê in die lig daarvan dat hierdie hoofstuk spesifiek oor Jesus se doelgedrewe wederkoms handel.

In hoofstuk 5 skryf König (1989:180) soos volg oor die noodsaaklikheid van ’n derde realisering met die wederkoms: “Jesus Christ, himself the last (the eschatos) and the end, attains God’s goal in three ways: for us, in us, and with us.” Jesus Christus, wat self die laaste

(die *eschatos*) en die einde is, bereik God se doel op drie maniere: *vir ons, in ons en saam met ons*. Elke keer word die doel werklik bereik, maar die eerste twee wyses hou 'n sekere onvolledigheid in wat 'n derde modus noodsaaklik maak. Christus bereik die doel vir ons: Hy beëindig ons vyandskap met God en versoen ons met Hom, maar dit beteken nie dat die doel reeds in ons bereik is nie. Wat Hy vir ons bewerk het, moet ook in ons tot stand kom deur geloof en die innerlike beleving van hierdie vrede.

Maar omdat ons dit slegs onvolmaak beleef, bly ons nuwe lewe ook onvolmaak. Hierdie onvolledigheid van die tweede modus spruit ook daaruit dat die Heilige Gees, al is Hy 'n volkome eskatologiese gawe, slegs die waarborg en die eerste deel van die volle oes en erfenis is. Volgens König (1989:180) is Hy nie die volheid self nie. Daarom is die onvolledigheid van die tweede modus nie net 'n gevolg van ons gebrokenheid nie, maar deel van God se heilsplan: Dit móét nog tot vervulling kom in die derde modus (König, 1989:180).

König (1989:180) wys voorts daarop dat die eerste twee modi nie bloot net moontlikhede geskep het nie, maar dat dit wel die *eschatos* bereik het. Hy wys ook daarop dat daar nie verskillende doelwitte deur die verskillende modi bereik is nie. Die *eschatos* wat deur die drie verskillende modi bereik word, is dieselfde, naamlik die oorspronklike doelwit van die skepping dat God ons God sal wees en ons sy kinders.

Hier blyk König se verbondsmatige teologie weer baie duidelik: God het die heelal geskape, en Jesus gaan weer kom, juis om die verbond te vervul. Die siening van die wederkoms as teleologiese vervulling van die verbond is belangrik vir hierdie artikel.

Teenoor die onvolmaaktheid (voorlopigheid) van die bereiking van die realisering van die *eschatos* deur die eerste twee modi staan die volmaaktheid van die derde: "The third and final mode in which God reaches his goal is complete in every respect." (König, 1989:181)

3.6 Eskatologie handel wél ook oor die toekoms

Nou, vir die eerste keer in die boek, word daar op die toekoms gefokus. Volgens König (1989:181) mag dit vreemd voorkom dat só 'n groot deel van die eskatologie met die verlede en hede te doen het, dit wil sê met Jesus se eerste koms, sy aardse bediening en sy werk deur die Heilige Gees. *Tog is dit volgens hom presies wat die Nuwe Testament leer, volgens hom*. Die laaste dae en die eindtyd het reeds met sy menswording begin; dit is immers in die laaste dae dat die Heilige Gees uitgestort is. Tog kan ons nie die toekoms ignoreer of voorgee dat alles reeds volkome vervul is en dat God se doel in elke opsig afgehandel is nie. *Die toekoms vorm nog steeds 'n onlosmaaklike deel van die eskatologie*. Christene is immers mense wat op die toekoms ingestel is, *al het Christus reeds God se doel vir hulle bereik, en al is Hy steeds besig om dit tans in hulle te verwesenlik* (König, 1989:181). Gelowiges sien dus vol verwagting uit na die toekoms, ten spyte van en op grond van dit wat reeds vervul is.

In hierdie hoofstuk (5) bespreek König (1989:189) ook profesie en die vervulling daarvan en kom dan tot die volgende gevolgtrekking: "We sum up by reaffirming that prophecy and promises are fulfilled more than once, and that in a manner which far surpasses anything which one could deduce from reading them. This is the attractive power of the future." Volgens König (1989:189) is dit die aantreklike krag van die toekoms, nie 'n vae of blinde hoop nie, maar die krag van die God wat nie vir ons onbekend is nie. As Hy werklik onbekend was, sou ons rede hê om die toekoms te vrees. Hierdie God doen egter telkens nuwe dinge wat ons verbeelding en voorstelling te bowe gaan, selfs meer as wat profete ooit kon verkondig of in woorde kon vasvang (König, 1989:189).

3.7 Die sentrale boodskap van die wederkoms

König (1989:190) gee ook aandag aan die sogenaamde tekens van die tye, wat, volgens hom, tekens is wat deurgaans voorkom en nie tekens is wat net voor die wederkoms gegee word nie. Volgens König (1989:190) is (word) die tekens van die tye en die boodskap van Jesus se wederkoms selfs in sekere gereformeerde kringe verkeerd verstaan: "The central

message of Christ's return is, 'Stay awake, be ready every moment' (Matt. 24:42, 44; 25:13; Mark 13:23, 33-37; Luke 21:34, 36; 1 Cor. 15:52; 1 Thess. 5:2-3, 8). The moment signs are viewed as history in advance, informing the reader of what will take place in a specific future end-time, they lose their message for the Church of the past nineteen centuries." Hier fokus König direk op sekere doelwitte of *teloi* vir die verkondiging van die wederkoms.

Die feit dat König (1989:190) na die boodskap ("message") van Christus se wederkoms verwys, laat duidelik blyk dat hy aanvoel dat die wederkoms met 'n doel aan ons geopenbaar word. Hoewel hy nie die vraag pertinent vra en beantwoord nie, is dit baie duidelik: Die wederkoms word aan die gelowiges geopenbaar met 'n doel. In hierdie geval is die doel dat hulle wakker (nugter) moet wees, en dat hulle enige oomblik daarvoor gereed kan wees. Sonder die openbaring van die wederkoms sal hierdie gesindheid nie moontlik wees nie.

König (1989:190) haal Berkouwer instemmend aan: "How right Berkouwer is, when he asserts 'that the signs of the times cannot be interpreted futuristically, that such an interpretation mistakes the gravity of eschatological preaching, which is relevant for all times, and that it is impossible to distinguish on the basis of the New Testament between the last days and an end-time in which the signs will take place.'"

3.8 Waarskuwing teen misleiding

König (1989:190, 191) wys ook op Jesus se waarskuwing teen misleiding in Matteus 24:4 wanneer dit oor die tekens van die tye handel en wys daarop dat Jesus se dissipels al hiermee te doen gekry het. Hieruit kan afgelei word dat König aanvoel dat die doel van die openbaring van die wederkoms deels is om sy volgelinge teen misleiding te waarsku.

Voorts bespreek König ook die vraagstuk van die nabyheid van die wederkoms, die sogenaamde *Naherwartung*. Hy dui eers aan dat die wortels hiervan al in die Ou Testament lê. Hy verwys ook na die spanning in die Nuwe Testament tussen 'n nabye wederkomsverwagting en die oënskynlike uitstel van die wederkoms (*Fernerwartung*): "There are, therefore, two cardinal principles for correct treatment of the New Testament's concept of immediacy. One is that there is repeated fulfillment of promises. The other is that eschatological imminence does not necessarily coincide with believers' feelings of how near that day should be." (König, 1989:196)

3.9 Die wyse van die wederkoms

König bespreek ook die wyse van Jesus se wederkoms: "It may be possible to deduce four characteristics of his second coming from the prophecies which deal with the subject. We may expect it to be visible, sudden, cosmic, and glorious. But these characteristics remain no more than possible boundaries within which we may expect his return." (König, 1989:202) König (1989:202) bespreek verder ook die wyse van die wederkoms as sigbaar, skielik, kosmies en heerlik.

As deel van sy argument om die gedagte van die wegraping te weerlê, sê König (1989:202) dat indien 'n apostel aan 'n gemeente skryf om 'n probleem aan te roer en hy na die wederkoms verwys, dan doen hy dit met die oog op die spesifieke situasie sonder om 'n breedvoerige bespreking van die wederkoms te gee. Van belang hier is dat König raaksien dat die wederkoms dikwels in die Nuwe Testament genoem word om perspektief op probleme te gee. Hy voel dus aan dat die doel van openbaring van die wederkoms deels is om vir gelowiges (gemeentes) perspektief op hul probleme te gee.

Wanneer König (1989:206) die skielikheid van die wederkoms bespreek, skryf hy: "We must see in this a further indication that the signs of the times are not given to warn the faithful in advance about when he will come, but to call them to be ready at every moment for his sudden and unexpected coming." König dui dus aan dat die openbaring van die wederkoms gelowiges aanspoor om altyd gereed te wees daarvoor. Juis met die oog op die waaksaamheid van die gelowiges openbaar God die feit van die wederkoms aan ons.

3.10 Die wederkoms as openbaarmaking en vervulling

Uiteindelik bereik König (1989:213) se bespreking van die wederkoms 'n punt wat van kardinale belang vir hierdie artikel is. Hy noem dit die openbaarmaking/bekendmaking ("disclosure") en vervulling ("fulfillment") deur die wederkoms.

Volgens König (1989:213) behels die wederkoms van Christus beide: openbaarmaking en vervulling. In drie onderafdelings sit hy uiteen wat openbaar gemaak word, en in twee onderafdelings toon hy aan wat deur die wederkoms van Christus vervul word.

Die eerste aspek wat deur die wederkoms openbaar gemaak word, is dat Christus die Here is ("The disclosure of Christ's Lordship"). König (1989:213) wys tereg daarop dat Christus reeds die Here is, maar dat dit in 'n sekere sin nog nie sigbaar en onteenseglik is nie. Eers by die wederkoms sal dit sigbaar en onteenseglik wees. Hieruit kan implisiet afgelei word dat König die doel van die openbaring van die wederkoms deels as bemoediging van die gelowiges sien. In daardie lig gesien, sal daar 'n tyd kom dat hulle geloof dat Christus die Here is sigbaar en onteenseglik as waar bewys sal word.

Die tweede aspek wat deur die wederkoms openbaar gemaak sal word, is wie en hoedanig God se kinders is (König, 1989:215). Hierdie verwagting dat dit met die wederkoms geopenbaar sal word dat die gelowiges God se kinders is, vervul God se kinders (nou al) met vreugde. Hiermee saam sal daar geopenbaar word dat God se kinders nuwe, volmaakte mense is. Die verwagting dat Christus ons volmaak by sy wederkoms sal maak, beteken egter nie dat ons nie hoef om te gee oor hoe ons nou leef nie (König, 1989:216). Dit dien eerder juis as aanspooring om nou al soos 'n nuwe mens in Christus te leef. Die gevolgtrekking hieruit is dat König die doel van die openbaring van die wederkoms van Christus onder andere as 'n motivering sien om nou al soos 'n kind van God te leef.

Voorts is dit ook duidelik dat König (1989:216) die doel van die openbaring van die wederkoms deels ook as troos ("consolation") sien. Hier verwys die troos na die gegewe dat ons in hierdie gebroke omstandighede sonder enige toedoen van ons kant gered word.

Die derde saak wat volgens König (1989:216) openbaar gemaak sal word, is die oordeel van God. Die Nuwe Testament stel dit volgens König (1989:216) baie duidelik dat gelowiges klaar van oordeel vrygespreek is, maar ook dat hulle wel in die oordeel gaan kom. Die wat in Christus glo, het klaar deel aan die ewige lewe. "What happens at the final judgement is no more than the disclosure or manifestation of this decision." (König, 1989:216)

Bogenoemde dui daarop dat König die doel van die openbaring van die wederkoms deels sien as bevestiging daarvan dat die kinders van God reeds in God se vryspraak deel. Die teendeel is egter ook waar: Die doel van die openbaring van die wederkoms aan ongelowiges dien as bevestiging dat hulle nie deel aan die ewige lewe het nie (König, 1989:219). Hierdie afleiding is van groot belang vir hierdie artikel: God het ook doelwitte vir die openbaring van die wederkoms aan ongelowiges, dus is hierdie doelwitte nie slegs op gelowiges van toepassing nie.

Nadat König die drie noëtiese sake bespreek het wat by die wederkoms geopenbaar gaan word, bespreek hy twee ontiese sake wat met die wederkoms vervul/bereik gaan word, naamlik die opstanding, die nuwe hemel en die nuwe aarde. Volgens hom is dit veel belangriker as die drie noëtiese sake (König, 1989:225).

König (1989:225) maak die volgende stelling wat van wesenlike belang vir hierdie artikel is: "In fact, the element of future hope in our expectation is what makes the fulfilling character of Christ's second coming indispensable." Hieruit kan afgelei word dat König die gee van hoop as een van die vernaamste redes sien waarom die wederkoms aan ons geopenbaar word. Daarmee saam word die wederkoms aan ons geopenbaar om hierdie hoop te bevestig: Die hoop sal beslis vervul word met die wederkoms.

Met die wederkoms sal die profesie oor die opstanding uit die dood finaal vervul word. Die opstanding uit die dood was nog altyd 'n groot troos ("comfort") vir gelowiges wat met die dood gekonfronteer is (König, 1989:232). Die troos van die opstanding uit die dood word deurgaans aan die wederkoms gekoppel. Hieruit is dit duidelik dat König die doel van die openbaring van die wederkoms ook hier as troos sien, want dit sluit die openbaring van die opstanding uit die dood in.

König (1989:233) verwys ook na die opstanding van ongelowiges, maar stel dit dadelik duidelik dat dit nie met die opstanding van gelowiges vergelykbaar is nie. Die gelowiges kry met hulle opstanding immers deel aan die opgestane Christus wat die dood oorwin het, maar ongelowiges staan op tot die ewige oordeel. Op grond hiervan kan gesê word dat König die doel van die openbaring van die wederkoms aan ongelowiges deels as 'n waarskuwing en aansporing tot bekering sien.

Benewens die opstanding uit die dood is die nuwe hemel en die nuwe aarde die tweede saak wat met die wederkoms volbring word (König, 1989:233). "Our alien status on earth is therefore temporary." (König, 1989:236) Volgens König *beteken dit nie dat ons vir 'n ander plek as die aarde bestem is nie, maar eerder dat die ou aarde voor die vernuwning daarvan nog nie by ons pas nie*. Daarom is die verwagting van 'n nuwe aarde 'n lewende hoop vir die gelowiges. *Eers dáár sal hulle werklik tuis wees, en selfs "dubbeltuis", omdat God (vir wie se gemeenskap hulle geskape is) daar saam met hulle sal woon*. Aldus König (1989:236) sal die skeppingsdoel van God, naamlik om ons ewige God te wees en ons sy ewige volk, in elke opsig uiteindelik verwesenlik wees. *Só sal die eschaton volbring wees in die derde en finale modus (König, 1989:236)*.

Die openbaring van die nuwe aarde kan nie losgemaak word van die openbaring van die wederkoms nie. Uit die verwysing hier bo is dit duidelik dat König die openbaring van die nuwe aarde as 'n lewende hoop vir die gelowiges beskou. Hieruit kan afgelei word dat König die doel van die openbaring van die wederkoms (met die openbaring van die nuwe aarde inbegrepe) deels as hoopgewing beskou.

Voorts maak König (1989:238) die volgende stelling wat van belang vir hierdie studie is: "Included in this biblical message of a new heaven and earth is the call to a holy life of service, not to curiosity about details of the new earth. This is stated plainly in 2 Pet. 3:11, 14 ... This kerygmatic character is equally evident in Revelation 21 and 22. It consists of both consolation and admonition." König stel dit onomwonde: Die kerugma van die openbaring van die nuwe aarde (en van die wederkoms waarby dit inbegrepe is) het ten doel om beide troos ("consolation") en vermaning ("admonition") te bied.

Dit is veelseggend dat König die openbaring van die nuwe aarde as kerugma tipeer. Dit blyk dus hieruit dat hy die openbaring van die wederkoms ook as kerugmaties sal tipeer. Voorts is die slotsom ook hier dat die kerugma van die wederkoms veel meer behels as net die feit dat daar 'n wederkoms sal wees. In wese word die wederkoms ook verkondig om gelowiges te troos, te bemoedig, aan te moedig – byvoorbeeld om heilig te lewe – en nog vele meer.

"If we keep in mind that it will far surpass in glory anything we could ask or think, we will remember that it is to be a surprise, not a disillusionment, for God's children. In this way we will be able to keep the element of encouragement in the message of the second advent (1 Thess. 4:18; 5:11)." (König, 1989:242) König tipeer hier die doel van die openbaring van die nuwe aarde as bemoediging of aanmoediging ("encouragement"). Op grond hiervan kan gesê word dat hy die doel van die openbaring van die wederkoms ook as bemoediging of aanmoediging sal tipeer.

König (1989:244) sluit die hoofstuk af met 'n stelling wat sy verbondsmatige teologie beklemtoon: "This means nothing more than that his goal in the act of creation is fully and finally achieved: 'I shall be your God and you shall be my people.'"

Op grond hiervan kan gesê word dat König die doel van die openbaring van die wederkoms deels as bevestiging en vervulling van die verbond sien, en daardeur sien hy dit ook as bevestiging van die gelowiges se geloof, naamlik dat hulle nie tevergeefs glo/geglo het nie.

4. Konklusie

Daar is aangetoon dat 'n gerekende dogmatikus soos Adrio König aanvoel dat die wederkoms met 'n doel aan ons geopenbaar word en dat hy die hele dogmatiese leerstuk van die eskatologie as teleologies of doelgedrewe tipeer. Dit kan ook afgelei word uit die feit dat hy na die boodskap van die wederkoms verwys en omdat hy die openbaring van die wederkoms as kerugma tipeer. Daar is voorts ook aangetoon dat hierdie openbaring doelbewus aan gelowiges sowel as aan ongelowiges gegee is.

Die doel van hierdie artikel was om te ondersoek of die vraag na die *telos* van die openbaring van die wederkoms van Christus in die Nuwe Testament as 'n dogmatiese vraagstuk beskou kan word. Deur 'n dogmatiese analise van Adrio König se *The eclipse of Christ in eschatology* is bevind dat hy wél herhaaldelik aandui dat die openbaring van die wederkoms bepaalde Goddelike doelwitte dien. Hierdie doelwitte sluit in troos, waarskuwing, bemoediging, heiligmaking, perspektief, bevestiging van geloof, en die versterking van die verbondsverhouding tussen God en sy volk.

König se benadering, wat hy self as “teleologiese Christologie” tipeer, stel Christus in die sentrum van die eskatologie en beklemtoon dat Christus self die *eschatos* en *telos* is. Binne hierdie raamwerk is Christus se wederkoms nie slegs 'n eskatologiese gebeurtenis nie, maar 'n Goddelike daad waardeur God sy skeppingsdoel finaliseer, die verbond voltooi, en die heil aan sy kinders sigbaar en volledig openbaar. Alle openbaring oor die eindtyd is dus, volgens König, doelgedrewe. Dit sluit sekerlik ook die openbaring van die wederkoms in.

König se uitgebreide besinning oor die drie modi van Christus se koms – vir ons, in ons en met ons – toon aan dat die wederkoms nie 'n losstaande leerstuk oor “die laaste dinge” is nie, maar dat dit integraal deel van God se openbaringshandelinge in Christus vorm. Die wederkoms, as die derde en finale modus, bring tot volheid wat reeds met Christus se eerste koms en die uitstorting van die Gees begin is. Hierdie finale realisering bevestig dat Christus die Here is, maak bekend wie en wat die kinders van God is en dat hulle op hul verheerliking wag, voltrek die oordeel, en vervul die belofte van die nuwe hemel en die nuwe aarde.

Dit blyk dus duidelik dat die vraag na die doel van die openbaring van die wederkoms nie net eksegeties of openbaringshistories relevant is nie, maar dat dit inderdaad ook 'n geldige dogmatiese vraagstuk verteenwoordig. König se teologie lewer hiermee 'n eksplisiete dogmatiese bydrae tot die verstaan van die *telos* van die openbaring van die wederkoms.

Die gevolgtrekking is dus dat König se werk in wese bevestig dat die openbaring van die wederkoms vanuit 'n dogmatiese oogpunt as 'n teleologiese daad van God beskou moet word. Hierdie daad het veelvuldige *teloi*, wat elkeen 'n kerugmatiese funksie in die geloofslewe van gelowiges verrig, en dit dien selfs as waarskuwing vir ongelowiges. Hierdie dogmatiese erkenning bied 'n geïntegreerde verstaan van die openbaringsdoel van Christus se wederkoms.

Literatuurverwysings

- Bauer, W., Danker, F.W., Arndt, W.F. & Gingrich, F.W. 2000. A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature. Chicago: University of Chicago. <https://doi.org/10.7208/chicago/9780226028958.001.0001>
- Diedericks, M. 2012. Die voorsienigheidsleer van Adrio König: 'n Dogmatiese beoordeling. Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (Verhandeling – MA)
- König, A. 1970. Jesus Christus die Eschatos: Die fundering en struktuur van die eskatologie as teleologiese Christologie. Pretoria: NGKB.
- König, A. 1980. Jesus die Laaste: Gelowig nagedink: Deel 2. Pretoria: NGKB.
- König, A. 1989. The eclipse of Christ in eschatology: Toward a Christ-centered approach. Grand Rapids: William B. Eerdmans.
- König, A. 2001. Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste vra: 'n Verwysingsgids vir elke huis. Wellington: Lux Verbi.
- König, A. 2006. Die groot geloofswoordeboek. Vereeniging: CUM.
- König, A. 2009. 'n Perspektief of Openbaring. Vereeniging: CUM.
- Strauss, S.A. 2004. Grondtrekke van Adrio König se teologie. *Acta Theologica Supplementum*, 25(2): Supplementum 6:122-141. <https://doi.org/10.4314/actat.v25i2.52301>
- Van Rhyen, H.P.M. 2017. Die telos van die openbaring van die wederkoms in die Nuwe Testament: 'n Openbaringshistoriese studie met besondere fokus op die begrip παρουσία. Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (Proefskrif – PhD)
- Van Wyk, J.H. 2002. Die mens wik maar God beskik? In gesprek met Adrio König oor sy eskatologiese, verbondsmatige voorsienigheidsleer. *In die Skriflig*, 36(4):529-553. <https://doi.org/10.4102/ids.v36i4.524>